Wes-Kaapse Regering
Onderwys

Kantoor van die Hoof: Onderwys

Verwysing: COVID-19/20200517
Navrae: BK Schreuder

Geagte Prinsipale en Skoolbestuurspanne van alle openbare skole

(Vir inligting: Beheerliggame
(Vir inligting: Onafhanklike Skole)

Riglyne vir die bestuur van Covid-19 in openbare skole

Op 30 April 2020 het die Minister van Basiese Onderwys die besonderhede oor die heropening van die onderwyssektor deur middel van 'n ingefaseerde benadering aangekondig.

Sedertdien was ek betrokke by 'n paar gesprekke met die nasionale Departement van Basiese Onderwys (DBO), topbestuur van die Wes-Kaap Onderwysdepartement (WKOD), onderwysersvakbonde, beheerliggaamverenigings en prinsipaalorganisasies.
Hierdie komende week sal alle skoolbestuurspanne (SBS'e) en nie-onderrigpersoneel by die skool wees om baie belangrike funksies te verrig ter voorbereiding van die terugkeer van onderwysers (25ste) en leerders. Verlede week tot en met 15 Mei, was meer as 80% van die Wes-Kaapse prinsipale by die skool en net minder as 75% van skole se skoonmaakpersoneel was aanwesig om die skole deeglik te begin skoonmaak. Dit was moontlik omdat skole steeds skoonmaakmateriaal het om die skole skoon te maak (soos aan die begin van enige nuwe kwartaal) en die klein groepie personeel wat eerste terugkeer moet maskers dra voordat hulle hul huis verlaat.

Soos u sekerlik sal weet, is die aflewering van verkrygde goedere 'n reuse-taak. Aflewering het verlede week begin en sal hierdie week voortgaan wanneer slegs SBS'e en nie-onderrigpersoneel by die skool is (en voor al die personeel terugkeer). Die aflewering van die verskeie goedere sal in verskillende fases gedoen word vanweë die hoeveelheid, met die eerste aflewering wat voldoende sal wees om die eerste groep leerders te ontvang. Ons het gereël dat die eerste besending maskers hierdie week deur kringbestuurders en distrikskantore by skole afgelewer word. Die termometerskandeerders is ook geskeduleer om die komende week afgelewer te word.

Die WKOD het riglyne opgestel vir die bestuur van Covid-19 in openbare skole wat daarop gemik is om u beplanning en voorbereiding vir die terugkeer van onderwysers en leerders te ondersteun, en u ook te help om veilige higiënepraktyke te handhaaf.

Die riglyne bevat verskeie stappe, aksies en inligting oor hoe om Covid-19 in u skool te bestuur. Bestudeer hierdie dokumente asseblief noukeuring en gebruik dit om te verseker dat u skool aan die nuwe prosedures voldoen.

Die aangehegte dokumente sluit die volgende in:

- **A – WKOD-riglyn: Belangrike inligting van die Provinsiale Departement van Gesondheid**
- **B – WKOD-riglyn: Rolle en Verantwoordelikhede**
- **C – WKOD-riglyn: Oriëntering van Personeel en Leerders**
- **D – WKOD-riglyn: Sifting van Personeel en Leerders**
- **E – WKOD-riglyn: Skoonmaak van skole en handhawing van higiëne**

Ons wag nog vir die finale dokumente van die nasionale Departement van Basiese Onderwys oor die bogenoemde, asook ander areas waar ons almal groter duidelikheid benodig.

Die WKOD is intussen besig om die volgende riglyne te finaliseer om u verder te ondersteun. Dit sal binne die volgende paar dae ter voorbereiding van die terugkeer van leerders aan u gestuur word.

- **F – WKOD-riglyn: Skoolvoeding**
- **G – WKOD-riglyn: Psigososiale ondersteuning**
- **H – WKOD-riglyn: Bestuur van veiligheid van personeel met onderliggende komorbiditeite**
- **I – WKOD-riglyn: Bestuur van leerders met onderliggende komorbiditeite**
- **J – WKOD-riglyn: Veiligheid van Leerders op die Leerdervervoerskema**
- **K – WKOD-riglyn: Bestuur van veiligheid by koshuise gedurende Covid-19**

Ek vertrou dat alle SBS'e hulself sal vergewis van die riglyne en die inhoud daarvan sal kommunikeer. Onafhanklike skole is welkom om hierdie riglyne te gebruik vir hul eie ingefaseerde terugkeer.

Dit is ook belangrik dat alle skole die voorlopige lyste met personeel, wat **komorbiditeite** het, by u distrikskantoor indien. Stel asseblief 'n voorlopige lys met SBS-lede, nie-skoonmaakpersoneel en die res van die personeel saam.

Ek het 'n paar navrae oor veral die siftingsproses ontvang, en wie vir wie met aankoms by die skool deur die siftingsproses sal neem. **Kyk gerus na D – WKOD-riglyn: Sifting van Personeel en Leerders.**

Elke werknemer moet daagliks die siftingsproses doen. Die prinsipaal moet deur 'n aangewese SBS-lid of adjunkhoof deur die siftingsproses geneem word. Die prinsipaal kan dan die amptenaar se siftingsproses doen.

Dit is belangrik dat die temperatuur van elke leerder, onderwyser en nie-onderrigpersoneellid geneem en opgeteken word. Termometerskandeerders is geskeduleer om gedurende hierdie week afgelewer te word.

Die volgende vyf vrae moet ook deur elke individu met aankoms by die skool beantwoord word.

Nr.	Vraag
1	Hoes jy?
2	Het jy koors?
3	Is jy kortasem?
4	Is jou keel seer?
5	Was jy die afgelope 14 dae direk in aanraking met 'n bekende koronavirus-(COVID-19-) positiewe geval?

Indien enige personeellid ja op enige van die bogenoemde vrae beantwoord, word dit aangeraai dat die personeellid as voorsorgmaatreël huis toe gestuur word. As hierdie griepagtige simptome voortduur, of as iemand in direkte aanraking kom met 'n bekende koronavirus-positiewe geval, moet hulle die nasionale blitslynnommer skakel by 0800 029 999 of die provinsiale blitslynnommer by 021 928 4102 vir advies oor wat volgende gedoen moet word. Die sifting van personeel en leerders is 'n veilige proses as die toepaslike sosiale afstand en ander voorskrifte nougeset gevolg word.

Die WKOD is tans besig om spesifieke riglyne te finaliseer oor watter stappe 'n skool moet doen as 'n onderwyser of leerder siek lyk of simptome toon wat met Covid-19 verband hou, en die proses as daar 'n bevestigde geval van Covid-19 is.

Ek wil al ons prinsipale, SBS-lede, skoonmakers en nie-onderrigpersoneel wat reeds met die skoonmaak en beplanning vir hierdie totale anderse situasie begin het, opreg bedank. Ek vertrou dat die aangehegte inligting sal help om u op die hervatting van die skool onder moeilike omstandighede voor te berei. Ek het geen twyfel dat u leierskap, visie en deursettingsvermoë vorentoe, veral in die komende week, getoets sal word nie.

Die uwe

BK Schreuder

BK SCHREUDER
HOOF: ONDERWYS
DATUM: 2020-05-15

A - Belangrike inligting van die provinsiale Departement van Gesondheid

Tak: Inrigtingsontwikkeling en -koördinering	A - WKOD Riglyn Belangrike inligting van die provinsiale Departement van Gesondheid	
A – WKOD Riglyn	Uitgereik: 15 Mei 2020	Hersiening soos en wanneer benodig word

Goedgekeur deur die Hoof van die Departement:

_____

BK Schreuder
Datum: 2020-05-15

A – WKOD RIGLYN: BELANGRIKE INLIGTING VAN DIE PROVINSIALE DEPARTEMENT VAN GESONDHEID

Dit is 'n uittreksel uit die provinsiale Departement van Gesondheid se dokument, "Voorkoming en hantering van koronavirusinfeksie in die werksplek" ("Preventing and managing coronavirus infection in the workplace").

(https://coronavirus.westerncape.gov.za/frequently-asked-questions/frequently-asked-questions-how-prevent-and-manage-covid-19-infections)

SKOLE

1. Praktiese stappe ter voorbereiding van die skool, opvoeders en leerders

1.1 Risiko-assessering vir leerders en skoolpersoneel:

1.1.1 Vra ondersteuning van ouers en versorgers om leerders en skoolpersoneel wat blootgestel is aan ernstige siektes (bv. immuniteit wat onder verdenking is, aan chroniese siektes ly) te identifiseer en werk saam met hulle om reëlings vir afstandsonderrig te tref waar moontlik.

1.2 Oriënteer onderwysers en ondersteuningspersoneel op in (ten minste) die volgende:

1.2.1 Hoe COVID-19 versprei word en wat die simptome van COVID-19 is.
1.2.2 Watter maatreëls hulle moet instel om die verspreiding van COVID-19 te verhoed.
1.2.3 Hoe om 'n lapmasker aan te sit, af te haal, te bêre en skoon te maak.
1.2.4 Wat om te doen as hulle enige simptome van COVID-19 het.
1.2.5 Wat om te doen as hulle met COVID-19 gediagnoseer word.
1.2.6 Wat om te doen as hulle in nabye aanraking met iemand was wat met COVID-19 gediagnoseer is.
1.2.7 Hoe om hulle hande reg te was en ontsmet.
1.2.8 Hoe om met leerders te praat oor COVID-19 op 'n ouderdomsgepaste en sensitiewe wyse.

1.3 Onderrig van leerders:

1.3.1 Onderrig leerders oor die aspekte in die lys hierbo.
1.3.2 Probeer om koronavirus/besmettingsvoorkoming/gesonde gewoontes in te bring in die leerstof om die boodskap te herhaal.
1.3.2 Gebruik video's, speletjies en liedjies om die boodskap so goed as moontlik aan leerders oor te dra.

1.4 Kommunikasie met ouers/versorgers:

1.4.1 Versterk kommunikasiewyses met ouers/versorgers.

1.4.2 Maak seker dat die skool die bygewerkte kontakinligting het (kontaknommers en huisadresse) vir elke ouer/versorger. Dit sal baie belangrik wees as gevalle geïdentifiseer word by die skool en dit noodsaaklik geword het om leerders onder kwarantyn te plaas.

1.4.3 Maak seker dat die skool bygewerkte inligting het oor wie gemagtig is om leerders by die skool te kom haal.

1.4.4 Maak seker dat ouers/versorgers bewus is van die skool se beleide en protokols oor COVID-19.

1.4.5 Tree in verbinding met ouers/versorgers wat bekommerd is oor hulle kind se veiligheid.

2. Praktiese maatreëls om koronavirusinfeksie in skole te verhoed

2.1 Bly tuis as jy siek voel:

2.1.1 Enigiemand (opvoeders, ondersteuningspersoneel, leerders) moet tuis bly as hulle siek voel en in verbinding tree met die provinsiale COVID-19 blitslyn by 021 928 4102 vir riglyne oor toetsing as simptome op COVID-19 dui.

2.2.2 Die skool moet streng reëls oor leerders wat tuis moet bly as hulle siek is, afdwing, en dit aan ouers/versorgers oordra.

2.2 Sif onderwysers en ondersteuningspersoneel:

2.2.1 Alle onderwysers en ondersteuningspersoneel moet daagliks vir simptome van koronavirusinfeksie gesif word wanneer hulle by die skool aankom. Indien beskikbaar, kan 'n nie-aanrakings termometer (termiese temperatuur-skandeerder) gebruik word om koors te meet. 'n Koors wat bo 38 grade is, dui op 'n moontlike koronavirusinfeksie.

2.2.2 Enige werknemer met enige van die simptome wat op COVID-19 dui, behoort nie toegelaat te word om te begin werk nie. Hulle moet van 'n chirurgiese masker of lapmasker voorsien word, hulle hande was en na 'n koronavirustoetssentrum vervoer word.

2.3 Sif leerders:

2.3.1 Leerders moet daagliks vir simptome van koronavirusinfeksie gesif word wanneer hulle by die skool aankom.

2.3.2 Elke skool moet besluit op die beste siftingsmanier van leerders binne die hulpmiddels wat beskikbaar is. Skole mag gebruik maak van 'n elektroniese

siftingsinstrument of papiergebaseerde instrument. Sifting moet by die ingang van die skool gedoen word en kan deur 'n aangewese opvoeder/personeellid verrig word.

2.3.3 In die geval van crèches/jonger leerders wat nie hulle simptome of gebrek daaraan kan oordra nie, kan daar oorweeg word om 'n siftingsblad vir simptome in 'n boek te sit wat tussen die skool en ouers/versorgers as middel tot kommunikasie gebruik word. Vra ouers om daagliks die bladsy te teken om aan te teken of hulle kind die gelyste simptome het of nie. As daar termometers tuis beskikbaar is, kan ouers ook hulle kind se koors daagliks kontroleer en aanteken. Soos met alle voorwerpe wat hanteer word, moet daar so min as moontlik aan die boek geraak word en hande moet na hantering ontsmet word.

2.3.4 Onderwysers, ouers/versorgers en leerders moet bewus wees van die prosedures wat sal volg ingeval 'n leerders positief gesif is, d.w.s., een van die simptome het wat op koronavirusinfeksie dui.

2.3.5 Indien 'n leerder enige simptome het wat op koronavirusinfeksie dui:

- Die leerder sal nie toegelaat word om by die skool in te gaan nie. Die leerder moet afgesonder word in 'n aangewese gedeelte van die skool/gedeelte binne 'n klaskamer (bv. 'n siekeboeg) en van 'n gesigsmasker voorsien word, as hulle nie reeds een het nie. Daar moet met die ouer/versorger in verbinding getree word en gevra word om die leerder onmiddellik te kom haal. Laat slegs een opvoeder/personeellid toe om kontak met die leerder te hê terwyl daar op die ouer/versorger gewag word.
- Die leerder mag terugkeer skool toe wanneer hulle deur 'n professionele gesondheidsorgbeampte van die private sektor of openbare sektor se koronavirustoetssentrums geassesseer is, en indien daar vasgestel is dat dit onwaarskynlik is dat hulle deur die koronavirus besmet is. (Bewys van die assessering mag versoek word.)
- As daar 'n moontlikheid is dat hulle koronavirusinfeksie opgedoen het en getoets is, moet hulle tuis of by 'n afsonderingsplek afgesonder word. In hierdie geval moet die skool 'n manier vind vir die leerder om voort te gaan met leer.

2.3.6 Indien 'n leerder in die loop van die skooldag siek begin voel:

- Sonder die leerder onmiddellik af van ander leerders in 'n aangewese gebied (bv. siekeboeg) en volg die raad wat hierbo verskaf is wat betref 'n leerder met 'n positiewe simptomesifting.

2.3.7 Wanneer 'n leerder 'n positiewe simptomesifting het of in die loop van die dag siek raak, hoef mense wat in noue aanraking met die leerder gekom het hulself nie onder kwarantyn te plaas terwyl die leerder die toetsuitslae inwag nie.

2.3.8 Kwarantyn sal slegs noodsaaklik raak vir mense wat in noue aanraking was wanneer COVID-19 deur 'n positiewe toets bevestig is.

2.4 Oplaai en aflaai:

2.4.1 Oorweeg dit om oplaai- en aflaaitye te versprei om die getal mense (ouers en leerders) by die skool gedurende hierdie tydperke te beperk.

2.4.2 In plaas daarvan dat ouers/versorgers toegelaat word om by die skoolgebou in te kom, kan elke klasonderwyser leerders by die skoolingang kom ontmoet aan die begin van die dag en hulle terugvergesel na die uitgang wanneer hulle opgelaai moet word. Plaas 'n personeellid by die ingang om hierdie proses te koördineer en maak seker dat opvoeders ten volle bewus is van wie gemagtig is om leerders op te laai.

2.4.3 Waar moontlik, moet grootouers en ouer versorgers nie leerders by skole oplaai of aflaai nie omdat hulle kanse groter is om baie siek te word.

2.5 Skoolvervoerdienste:

2.5.1 Skoolvervoervoertuie moet die riglyne vir openbare vervoerdienste volg, d.w.s., die getal passassiers mag nie 70% van die voertuig beset nie, passassiers moet so ver as moontlik van mekaar af weg sit, alle vensters moet oopgemaak word en die voertuig moet gereeld skoongemaak word. Alle passassiers moet lapgesigmaskers die hele rit deur dra.

2.5.2 Die bestuurder moet waar moontlik in die voertuig bly sit as daar opgelaai of afgelaai word.

2.6 Skoolrooster:

2.6.1 Opvoeders moet tussen klasse beweeg na lesse toe eerder as wat leerders in die skool rondloop na verskillende klaskamers toe.

2.7 In die klaskamer:

2.7.1 Ruim plek in vir 'n handreiniger by die deur van elke klaskamer en sien toe dat elke persoon wat die klaskamer binnekom of verlaat hulle hande ontsmet.

2.7.2 Lessenaars moet in rye geplaas word met die gesigte na vore om leerders wat gesig-aan-gesig-kontak met mekaar het, te verminder.

2.7.3 Daar moet, waar mootlik, slegs een leerder per lessenaar sit.

2.7.4 Leerders moet elke dag by dieselfde lessenaar sit.

2.7.5 Plaas lessenare so ver as moontlik uit mekaar in die kamer as wat toegelaat word.

2.7.6 Maak al die vensters oop en hou die deure so veel as moontlik oop sodat daar maksimum ventilasie is.

2.7.7 Herrangskik lesplanne en aktiwiteite om die deel van boeke/materiaal en die heen-en-weer-aangee daarvan te verminder.

2.7.8 Leerders behoort nie penne, liniale, sakrekenaars, ens. met mekaar te deel nie.

2.8. **Skool se badkamergeriewe:**

2.8.1 Ruim plek in vir handwasmiddels/reinigers by die ingang van die badkamers.
2.8.2 Beperk die getal mense in die badkamer op enige gegewe oomblik en monitor dat die getal wat toegelaat word nie oorskry word nie.
2.8.3 Maak seker dat alle badkamergeriewe werk en versnel herstelwerk.
2.8.4 Maak seker dat badkamers ten alle tye water en seep het.
2.8.5 Hande moet met seep en water gewas word nadat die badkamer gebruik is.
2.8.6 Moenie handdoeke in die badkamer met mekaar deel nie. Gebruik papierhanddoekies wat weggegooi kan word in 'n verseëlde blik na gebruik.

2.9 Pouse:
2.9.1 Versprei pouses sodat minder leerders op 'n slag pouse het en leerders uit verskillende klasse nie te veel met mekaar kan meng nie.
2.9.2 Leerders moet hulle hande ontsmet voordat hulle die klaskamer verlaat en die klaskamer weer binnegaan.
2.9.3 Leerders moenie naby mekaar in groepe sit nie. As daar tafels is waarby leerders pouses sit, moet hierdie tafels gereeld skoongemaak word en ook tussen die gebruik daarvan.
2.9.4 Moenie leerders toelaat om pouses speletjies te speel waar daar fisieke kontak is nie.

2.10 Skoolvoedingskemas:

2.10.1 Kosvoorbereiding moet aan streng higiënestandaarde voldoen.
2.10.2 Personeel wat by kosvoorbereiding betrokke is, moet ook daagliks gesif word.
2.10.3 Hierdie personeellede moet gepaste veiligheidstoerusting dra (d.w.s., handskoene, haarnet, voorskoot) wanneer hulle die kos voorberei en moet streng aan handwaspraktyke voldoen.
2.10.4 Oorweeg dit om maaltye voor te berei wat uit weggooibare houers geëet kan word.
2.10.5 Alle eetgerei en koshouers moet voor en na gebruik deeglik gewas word. Oorweeg dit om, indien moontlik, elke leerder se koshouer en eetgerei in 'n afsonderlike sak met 'n etiket daarop te bêre, sodat elke leerder dieselfde items elke dag gebruik.
2.10.6 Leerders moet hulle hande met seep en water by die ingang van die eetkamer was.

2.10.7 Eerder as om die kos aan die leerder te oorhandig, oorweeg dit om handkontak te verminder deur die kos op 'n tafel te sit waarvandaan die leerder die kos kan kom afhaal.
2.10.8 Die eetkamer moet voor en na elke gebruik daarvan skoongemaak word. Dit sluit alle tafels, stoele en ander oppervlaktes in.
2.10.9 Leerders moet so ver as moontlik weg van mekaar af sit (bv. slegs op afwisselende sitplekke).
2.10.10 Leerders moet hulle hande weer met seep en water was nadat hulle die eetkamer verlaat het.

2.11 Skole se snoepiewinkels en smouse buite die skooleiendom:
2.11.1 Skole se snoepiewinkels mag nie oopgemaak word nie en goedere mag nie buite die skooleiendom verkoop word nie.
2.11.2 Leerders moenie toegelaat word om in groepe saam te drom as hulle wag vir hulle ouers of vervoerdienste om hulle op te laai nie.

2.12 Buitemuurse aktiwiteite, ingeslote sport:
2.12.1 Buitemuurse aktiwiteite en sport, asook enige groepsbyeenkomste, moet gekanselleer word.

2.13 Skoonmaakroetines:
2.13.1 Volg die riglyne oor skoonmaakroetines, middels en die gebruik van PBT vir skoonmaak wat hierbo weergegee word.
2.13.2 Maak seker dat jy skoonmaakmiddels, bv. bleikoplossingsmiddels buite die bereik van kinders plaas. Bêre dit in duidelik gemerkte bottels en moenie drinkbottels/houers hergebruik vir die wegbêre daarvan nie.

2.14 Personeelkamers:

2.14.1 Opvoeders se pouses moet versprei word (soos met leerders) en daar behoort te eniger tyd 'n beperkte getal mense in die personeelkamer te wees.
2.14.2 Enige persoon wat die vertrek binnegaan, moet hulle hande ontsmet.
2.14.3 Rangskik, waar moontlik, sitplekke in die personeelkamer om aan sosiale afstand te voldoen.
2.14.4 Personeel behoort, waar moontlik, 'n middagete in te pak wat in gemerkte sakkies/houers is en hierdie houers moet daagliks huis toe geneem word om gewas te word.
2.14.5 Kombuistoestelle wat deur baie mense gebruik word, bv, mikrogolfoonde en ketels moet so ver moontlik vermy word. Indien hulle gebruik word, moet hulle na elke gebruik ontsmet word.

2.14.6 Alle tafels, stoele, toonbanke en ander oppervlaktes waarmee mense in aanraking gekom het, moet gereeld skoongemaak word.
2.14.7 Personeelvergaderings moet so min as moontlik gehou word en slegs hoofpersoneellede moet by die vergaderings teenwoordig wees.
2.14.8 Personeel moet ander manieer soek om met mekaar te kommunikeer, bv. deur mobiele gesprekke, e-posse en tele- of videokonferensies.

2.15 Gesigsmaskers:

2.15.1 Onderwysers, ondersteuningspersoneel en leerders moet lapgesigmaskers dra.
2.15.2 Opvoeders wat dit moeilik vind om hulle stemme deur die masker te laat dra, mag die masker afhaal as hulle praat, maar moet 'n gesigskerm dra en 'n fisieke afstand van die leerders af handhaaf.

2.16 Skole met koshuise:

2.16.1 Maak seker dat leerders en personeel ten alle tye fisieke afstand handhaaf.
2.16.2 Beperk die gebruik van gemeenskaplike gebiede so ver moontlik en beperk die getal mense wat in daardie gebiede toegelaat word. Ruim plek in vir 'n handreininger by die ingang van elke sodanige gebied.
2.16.3 Volg die raad wat hierbo gegee is onder "Skoolvoedingskemas" wat maaltye en eetplekke betref.
2.16.4 Beperk die getal mense wat badkamer-/stortgeriewe te eniger tyd gebruik deur badkamerroosters op te stel en gereeld tussen gebruik die badkamers skoon te maak.
2.16.5 Moenie toelaat dat leerders mekaar se kamers besoek nie.
2.16.6 Wys 'n afsonderingskamer aan vir ingeval 'n leerder siek word en nie onmiddellik deur ouers/versorgers opgelaai kan word nie.

Kontakinligting

B - WKOD Riglyn: Rolle en Verantwoordelikhede

Tak: Inrigtingsontwikkeling en -koördinering	B - WKOD Riglyn: Rolle en Verantwoordelikhede	
B – WKOD Riglyn	Uitgereik: 15 Mei 2020	Hersiening soos en wanneer benodig word

Goedgekeur deur die Hoof van die Departement:

BK Schreuder
Datum: 2020-05-15

B - WKOD RIGLYN: ROLLE EN VERANTWOORDELIKHEDE

1. VERANTWOORDELIKHEDE VAN DIE PRINSIPAAL EN SBS

1.1 Prinsipale en SBS se oorhoofse verantwoordelikheid is om:

Die volgende verantwoordelikhede moet deur die prinsipaal en SBS aanvaar word. Hierdie tydperk verg leierskap, moed en kreatiwiteit om die departement te help om hulle weg in hierdie baie moeilike onderwystydperk en in die land te baan.

1.1.1 Handhaaf 'n positiewe gesindheid oor die regering se pogings om die verspreiding van die Koronavirus (2019-nCOV) te voorkom.
1.1.2 Beskerm die gesondheid, veiligheid en welstand van leerders, onderwysers en ondersteuningspersoneelspanne.
1.1.3 Hou 'n volledige database van leerders, onderwysers en nie-onderrig personeel se inligting in stand (WKOD- en 'n COVID-19-vereiste).
1.1.4 Afhangende van leerdergetalle, mag dit nodig wees om die rooster te hersien in ooreenstemming met die COVID-19-vereistes. Neem die volgende in ag:
- Klasgroottes;
- Verspreide pouses;
- Leerders moet in die klas bly en onderwysers beweeg tussen lesse (periodes);
- Meer as een saalbyeenkoms (afhangende van die ruimte);
- Voorsiening vir sifting van onderwysers en leerders elke oggend;
- Gepaste vergaderplekke vir personeel (personeelkamer mag te klein wees);
- Been buitemuurse/naskoolse aktiwiteite nie; en
- Mag nodig wees om party van die beheerliggaambeleide te hersien.

1.1.5 Maak seker dat alle personeel en leerders georiënteer word ooreenkomstig die leiding wat in document C gegee word.
- Tref logistieke reëlings vir die oriënteringsessies.
- Maak seker dat alle onderwysers die oriënteringsessies bywoon.

1.1.6 Verduidelik aan personeel die verlofbedeling wat van toepassing sal wees op onderwysers met komorbiditeite. Die prinsipaal moet 'n volledige lys van sulke onderwysers indien wat in aanmerking mag kom om vanaf die huis te werk. Die geïdentifiseerde onderwysers moet 'n verlofvorm by die prinsipaal indien saam met die vereiste mediese verslag (kyk Bylae I).
1.1.7 Stel 'n plan saam vir en hou toesig oor die deeglike skoonmaak van die skool voordat die onderwysers en leerders terugkeer, en die daaglikse voortgesette skoonmaak en ontsmetting van die skool
1.1.8 Stel maatreëls vir higiënebeheer en sosiale afstandsbeheer met die hulp van die SBS in voordat onderwysers en leerders terugkeer skool toe.
1.1.9 Hou toesig oor die implementering van die oriënteringsessie en kurrikulumherstelplanne op skoolvlak en gee die nodige ondersteuning aan die onderwysers en leerders.
1.1.10 Hou ouers ingelig oor die planne en veranderinge wat geïmplementeer moet word.

1.1.11 Monitor sosiale afstandsvoorskrifte.
1.1.12 Sorg vir water en sanitasie, veilige, gesonde onderrig en leeromstandighede en persoonlike beskermingstoerusting soos gesigsmaskers.
1.1.13 Hou ouers en leerders ingelig oor virtuele/aanlyn leer, TV, radio en ander soortgelyke ondernemings wat aan leerders beskikbaar gestel word, veral dié wat nie teruggekeer het skool toe nie.
1.1.14 Vind maniere om toe te sien dat onderrig en leer voortgaan met leerders wat steeds by die huis wag op hulle ingefaseerde terugkeer klaskamer toe.
1.1.15 Alhoewel daar 'n groter gebruik van IKT's en digitale tegnologieë as 'n tydelike oplossing vir die Koronavirus- (2019-nCOV-) krisis is, moet maatreëls proaktief wees om leerders te beskerm teen die risiko's wat met sosiale mediaplatforms gepaardgaan (bv. kuberafknouery, ens.).
1.1.16 Maak seker dat die weerloosste leerders beskerm word, gemotiveerd bly en al die nodige ondersteuning kry.
1.1.17 Gee die name van weerlose leerders (komorbiditeite) aan die distrikskantoor. Kringbestuurders sal leiding gee oor hoe om hierdie leerders te hanteer.
1.1.18 Werk saam met die distrikskantoor vir die voorsiening van psigososiale ondersteuning, waar nodig, ingeslote beradingsdienste aan leerders, onderwysers en ondersteuningspersoneel om hulle welstand te verseker.
1.1.19 Ondersoek alle afwesigheidsgevalle om die uitsakrisiko te verminder.
1.1.20 Behoorlike reëlings (prosesse, plekke en personeel) moet getref word vir die sifting van onderwysers en leerders soggens.
1.1.21 Neem alle COVID-19-protokols waar.

2. DIE ROL VAN DIE KRINGBESTUURDER

2.1 Die kringbestuurder se oorhoofse verantwoordelik is om:

2.1.1 Die ontvangs van higiëne- en veiligheidstoerusting aan skole te monitor.
2.1.2 Te monitor dat skole skoongemaak is ter voorbereiding van die terugkeer van onderwysers en leerders.
2.1.3 Te monitor dat skole gereed is om onderwysers en leerders te ontvang.
2.1.4 Die identifisering van onderwysers en leerders met komorbiditeite te monitor.
2.1.5 Die hervatting van onderrig en leer onder die vereiste riglyne te monitor.
2.1.6 Te monitor dat die oriënteringsprogram by skole plaasvind.
2.1.7 Toesig te hou oor die implementering van die onderriginfaseringsproses en dit te monitor.
2.1.8 Die nodige ondersteuning aan prinsipale en skole te bied, soos versoek.
2.1.9 Alle prinsipale op die hoogte te hou oor enige ontwikkelings en toe te sien dat hulle ingelig word.
2.1.10 Skoolbywoningsrekords te monitor en inligting oor Covid-19-verwante afwesigheid te bekom.
2.1.11 Toe te sien dat skole bygewerkte inligting oor leerders en onderwysers in stand hou.
2.1.12 Te monitor dat skole die daaglikse sifting van personeel en leerders aanteken.

2.1.13 Alle aangemelde siektegevalle te monitor.
2.1.14 Te monitor dat daar voldoen word aan die WKOD se standaardbedryfs-prosedures oor voedingsvoorskrifte.
2.1.15 Toe te sien dat die gewysigde kurrikulumraamwerk geïmplementeer word.
2.1.16 Tussenbeide te tree in enige onveilige aksies of afwykings by skole ooreenkomstig behoorlike remediërende prosedures vir die veiligheid van leerders, opvoeders en ouers.
2.1.17 Verslag te doen aan die distriksdirekteur oor vordering wat deur sy/haar skole gemaak is asook oor enige veiligheidskwessies wat die herstelplan in gevaar kan stel.

C - WKOD Riglyn: Oriëntering van Personeel en Leerders

Tak: Inrigtingsontwikkeling en -koördinering	C - WKOD Riglyn: Oriëntering van personeel en leerders	
C: WKOD riglyne	Uitgereik: 15 Mei 2020	Hersiening soos en wanneer benodig word

Goedgekeur deur die Hoof van die Departement:

BK Schreuder
Datum: 2020-05-15

C - WKOD RIGLYN: ORIËNTERING VAN PERSONEEL EN LEERDERS

1. Doel:

1.1. Die doel van hierdie dokument is om leiding te gee met die oriënteringsproses en aan te wys wat gedek behoort te word tydens die uitvoer van die oriënteringsprogram by die skool.

2. Oriënteringsprogram

2.1. Alle personeellede en leerders moet oor Covid-19-higiëne en veiligheidsprotokol by skole georiënteer word.
2.1.1. Prinsipale moet die SBS oriënteer voordat onderwysers terugkeer skool toe.
2.1.2. Die prinsipaal moet 'n lid van die SBS aanwys om onderwysers en nie-onderrig personeel te oriënteer as hulle terugkeer skool toe.
2.1.3. Leerder moet georiënteer word soos die grade ingefaseer word.

3. Onderwerpe wat in die oriënteringsprogram gedek behoort te word

3.1. Geskiedenis van die koronavirus (2019-NCOV) of COVID-19

3.1.1. Op 31 Desember 2019 het die Wêreldgesondheidsorganisasie (WGO) in China verslag gedoen dat daar 'n bondel griepgevalle in Wuhanstad, Provinsie Hubei in China is. 'n Ernstige akute respiratoriese sindroom wat met 'n novel koronavirus geassosieer word, is bevestig. Die virus is "SARS-CoV-2" genoem en die siekte wat dit veroorsaak "coronavirus disease 2019" of COVID-19.

3.1.2. COVID-19 word versprei deur vloeibare druppeltjies as daar gehoes, genies of geskreeu word en kan versprei word deur 'n persoon wat aangesteek het voordat simptome verskyn, gedurende die siekte, en vir 'n kort tydjie nadat hulle beter begin voel. Navorsers beraam dat ongeveer 44% van besmettings deurgegee word deur mense wat geen simptome wys nie.

3.1.3. Omdat die koronavirus 'n nuwe virus is, is daar tans geen entstof beskikbaar nie. Baie van die simptome kan egter behandel word.

3.2. Hoe die koronavirus versprei word

3.2.1. Die koronavirus kan versprei word deur vloeibare druppeltjies as daar gehoes, genies, geskree of gepraat word. As mense hoes en nies, kom vloeibare druppeltjies op hulle hande en die oppervlaktes daarom. Die koronavirus word dan versprei as hulle hande aan ander mense se hande raak en as hulle aan voorwerpe soos toerusting, geld, deurhandvatsels en toonbanke raak. As mense aan hulle oë, neus en/of mond raak nadat hulle aan ander mense se

hande en voorwerpe waarop die koronavirus is, geraak het, kan hulle aangesteek word.

3.3. Vyf "goue reels" om die verspreiding van die koronavirus te verhoed

3.3.1. Die volgende vyf goue reëls kan die verspreiding van die koronavirus verhoed:

3.3.1.1. Sonder jou fisiek van ander mense af:
- Deur waar moontlik van ander mense af weg te bly.
- Deur tuis te bly as jy siek voel.

3.3.1.2. Behou fisieke afstand as jy by ander mense is:
- Bly ten minste 1,5 meter (2 armlengtes) van ander mense af weg.
- MOENIE hand skud, of omhels, of vuiste stamp of elmboë stamp nie. Hou jou afstand.

3.3.1.3. Was hande/ontsmetting:
- Was gereeld hande met seep en water vir 20 sekondes lank.
- Of was jou hande met 'n alkoholgebaseerde handreiniger.
- Was jou hande nadat jy aan mense, oppervlaktes en voorwerpe geraak het.

3.3.1.4. Beoefen goeie higiënemaatreëls:
- Hoes of nies in die waai van jou elmboog of 'n sneesdoekie en sit dan die sneesdoekie in 'n drommetjie en was dadelik jou hande.
- Moenie met ongewaste hande aan jou gesig raak nie.

3.3.1.5. Dra lapgesigmaskers:
- Dra 'n lapgesigmasker om jou neus en mond te bedek.
- Moenie aan die masker raak nadat jy dit opgesit het nie.
- Los die masker altyd aan tensy jy moet eet en drink. As jy wil eet/drink, haal dit
  versigtig by die toutjies af en plaas dit in 'n skoon papier- of plastieksak.
- Was jou hande gereeld met seep en water vir ten minste 20 sekondes. As daar nie seep en water is nie, gebruik 'n alkoholgebaseerde handreiniger.

Plakkate sal aan skole via e-pos gestuur word en is op die WKOD se handelsmerkbladsy beskikbaar: https://wcedonline.westerncape.gov.za/wced-branding.

3.4. Wat personeel en leerders moet doen voor hulle die huis verlaat

3.4.1. Was dikwels jou hande met seep en water vir ten minste 20 sekondes. As daar nie seep en water is nie, gebruik 'n alkoholgebaseerde handreiniger.

3.4.2. Moenie aan jou oë, neus en mond met ongewaste hande raak nie.

3.4.3. Vermy nabye kontak met mense wat siek is.

3.4.4. Bly by die huis as jy siek is en probeer wegbly van ander mense tuis. Lig die skool oor jou afwesigheid in.

3.4.5. Bedek jou neus en mond deur te hoes of nies in die waai van jou elmboog of 'n sneesdoekie te gebruik. Gooi die sneesdoekie daarna in 'n drommetjie weg.

3.4.6. Maak voorwerpe en oppervaktes waaraan dikwels geraak word skoon of ontsmet dit.
3.4.7. Dra jou masker.

3.5. Wat personeel en leerders moet doen op pad skool toe of terug huis toe

3.5.1. Dra jou masker.
3.5.2. Dit is belangrik om sosiale afstand en goeie higiëne te beoefen om te voorkom dat jy besmet word as jy skool toe loop. Probeeer om ten minste 1,5 meter weg te bly van 'n ander persoon wanneer jy skool toe loop.
3.5.3. Dis net so belangrik om sosiale afstand en goeie higiëne te beoefen om te verhoed dat jy besmet word as jy openbare vervoer gebruik om skool toe te gaan of vervoer deel (saamryklub). Dis verpligtend om 'n masker te dra as jy openbare vervoer gebruik.
3.5.4. Volgens die regulasies moet alle openbare vervoeroperateurs toesien dat die vervoer gereinig word voor en na gebruik en voldoen aan die nuwe voorgeskrewe getal passassiers om die verspreiding van die koronavirus (2019-NCOV) te verhoed.
3.5.5. Ontsmet jou hande voordat jy op openbare vervoer op- en afklim.

3.6. Wat jy moet doen as personeel by die skool aankom

3.6.1. Alle personeel en leerders moet dadelik na die aangewese siftingsgebied gaan om gesif te word.
3.6.2. SBS'e moet mekaar by aankoms by die skool sif as die siftingspan nog nie gereed is daarvoor nie.
3.6.3. Sosiale afstand moet gehandhaaf word terwyl daar gewag word om gesif te word.
3.6.4. Die SBS of aangewese persone wat sif, kan die nie-onderrig personeel sif. Lees Bylae D oor sifting.
3.6.5. Mense moet aangewys word om leerders by aankoms te sif.
3.6.6. Almal moet elke oggend gesif word as hulle by die skole aankom.
3.6.7. Was jou hande met seep en water OF handreiniger.
3.6.8. Maak seker dat jy 'n masker dra as jy die skoolterrein betree.
3.6.9. Daar word aanbeveel dat jy ten minste 1,5 meter weg van 'n ander persoon staan.

3.7. Die volgende items moet beskikbaar wees

3.7.1. Genoeg voorraad handreinigers, seep, paperhanddoekies, vuilgoeddrommetjies en ander skoonmaakmiddels.
3.7.2. Alkoholgebaseerde handreiniger by aangewese plekke.
3.7.3. Oorweeg dit om alkoholgebaseerde reiniger aan elke werknemer te gee as hulle binne die werksplek moet rondbeweeg.
3.7.4. Daar moet ten minste twee lapmaskers per personeellid of leerder wees.

3.8. Proses wat gevolg moet word wanneer leerders terugkom

3.8.1. By die terugkeer skool toe van 'n besondere graad, moet die prinsipaal en onderwysers die oriëntering van leerders oor die beheer van die koronavirus (2019-NCOV) by die skool uit uitvoer.
3.8.2. Deel twee lapmaskers per leerder by aankoms uit.
3.8.3. Verduidelik die siftingsproses.
3.8.4. Oriënteer leerders oor alle veiligheids- en higiëneprosedures by die skool, ingeslote "die goue reëls".
3.8.5. Lig leerders oor die veranderde kurrikulumplan in.
3.8.6. Stel die hersiene skoolrooster, nuwe klaslyste en die verdeling van klasse voor, indien nodig.
3.8.7. Lig leerders in oor sosiale afstand by die skool en die reis na en van die skool.
3.8.8. Verduidelik aan leerders dat hulle hulle hande moet was voor skoolmaaltye wat in klaskamers of in 'n beheerde omgewing buite bedien moet word – en behou altyd sosiale afstand.
3.8.9. Motiveer leerders by hulle terugkoms skool toe.

3.9. Interaksie met leerders in die klaskamer

3.9.1. Leerders moet 'n masker dra voor hulle in die klaskamer toegelaat word.
3.9.2. Gaan die organisering van die lessenaars in die klas na. Lessenaars moet ten minste 1 meter van mekaar af staan.
3.9.3. Gebruik die eerste vyf minute elke dag om leerders te herinner daaraan hoe belangrik dit is om te voldoen aan die "goue reëls" om die verspreiding van die virus te voorkom, en beantwoord vrae wat leerders mag hê.
3.9.4. Leerderdissipline in die klaskamer is uiters belangrik, en identifiseer dus wat van hulle vereis word om hulle veiligheid te verseker.
3.9.5. Onderwysers moet sorg dat hulle 1,5 meter weg van leerders en ander onderwysers staan.
3.9.6. Vra leerders om samedromming in toilette of buite tydens pouses te verhoed.

3.10. Gebruik van lapgesigmaskers

3.10.1. Daar word nou van enigiemand wat buitentoe gaan vereis om lapgesigmaskers te dra (ingeslote by werksplekke). Lapmaskers moet reg gebruik word om doeltreffend te wees. Kyk hieronder.
3.10.2. Elke personeellid en leerder moet twee lapgesigmaskers kry. Dit laat toe dat een gebruik kan word terwyl die ander een gewas en gestryk word.
3.10.3. Alhoewel jy 'n masker dra, moet jy steeds seker maak dat jy die ander maatreëls wat die verspreiding van die virus verhoed, nakom – staan 1,5 meter van ander mense af weg en was jou hande gereeld.
3.10.4. Jy moet ook seker maak dat jy die regte manier ken om jou masker aan te sit, te dra en af te haal.
3.10.5. Neem kennis van die volgende raad vir die dra van lapgesigmaskers:

3.10.6. Was jou hande voordat jy die masker opsit.
3.10.7. Plaas die masker op jou gesig met die regte kant voor jou neus en mond. Maak seker dat dit goed bedek is. Knoop die toutjies agter jou kop vas of, as die masker rekbande het, maak seker dit sit styf.
3.10.8. Wanneer jy die lapgesigmasker aangesit het en jy voel dat die masker gemaklik pas, MOENIE AAN JOU GESIG OF DIE MASKER RAAK voordat jy die masker afhaal nie. Los die masker ten alle tye aan behalwe as jy moet eet/drink.
3.10.9. Haal die masker af deur die toutjies of rekbandjies los te maak en dit slegs aan die toutjies vas te hou. Plaas dit in 'n houer om dit te was.
3.10.10. Moenie aan die masker self raak as jy dit afhaal nie.
3.10.11. Moenie die masker om jou nek hang as jy dit nie dra nie.
3.10.12. Was jou hande deeglik nadat jy die masker afgehaal het.
3.10.13. Was dit met warm water en stryk jou lapmasker elke dag.
3.10.14. As enigiemand hulle maskers gedurende die werksdag moet afhaal (bv. tydens tee/middagete) en dit dan weer moet opsit, moet daar gesorg word dat die masker slegs aan die toutjies van die masker opgetel word. Die masker moet in 'n skoon papier- of plastieksak gebêre word (wat duidelik met die persoon se naam gemerk is) wanneer dit nie gebruik word nie.

4. Ventilasie

4.1. Sorg vir maksimum ventilasie by die skool. Dit kan geskied deur byvoorbeeld deure of vensters oop te los.

5. Daaglikse skoonmaakroetines en afvalbestuur

5.1. Voorwerpe en oppervlaktes wat gereeld gebruik en aangeraak word, moet daagliks skoongemaak en ontsmet word.
5.2. Gebruik seep en water waar moontlik om gebiede skoon te maak. Ontsmet dit dan met 'n verdunde bleikmiddeloplosmiddel. Verdun 30 ml bleikmiddel per liter water.
5.3. As die gebied nie met seep en water skoongemaak kan word nie, vee dit dan versigtig skoon met 'n 70% alkoholoplossing.
5.4. Algemene ontsmettingsmiddels wat gebruik kan word, sluit in:
- Bleikmiddels, d.w.s. natrium hipochloriet (0,1%)
- Alkohol, d.w.s. etanol (70%)
- Kwaternêre ammoniumverbindings
- Waterstofperoksied (3%)
- Peroksiedasynsuur (0,5%)
- Fenols, d.w.s. karbolseep – jodovorms, d.w.s. jodiums (1%).

5.5. Enige toerusting wat werknemers met mekaar deel, moet voor elke gebruik skoongemaak word.
5.6. Afval van afvalhouers moet weggegooi word in plastieksakke en verseël word voordat dit in die algemene afval vir vuilgoedverwydering gegooi word.

5.7. Werknemers wat afval hanteer, moet handskoene dra as hulle die afvalhouers leegmaak.
5.8. Mense wat afval hanteer en skoonmakers moet toe skoene dra.
5.9. Maak die gebied waar afval geberg word daagliks skoon.

6. Ontvangs van goedere deur verskaffers

6.1. Bestuurders moet waar moontlik in hulle voertuie bly sit.
6.2. Bestuurders en assistente moet lapmaskers dra.
6.3. Fisieke afstand moet gehandhaaf word by die ontvangs van goedere.
6.4. Bestuurders en assistente moet handreinigers gebruik voordat hulle enige dokumente of pakkies aan werknemers oorhandig.
6.5. Maak seker dat hande gereeld gewas word/handreiniger gebruik word.

7. Onderhoud van infrastruktuur

7.1. Skole het geregistreerde noodonderhoudgevalle.
7.2. Die Departement en die Departement van Vervoer en Openbare Werke sal hieroor opvolg.
7.3. Wanneer kontrakteurs by die skool vir herstelwerk opdaag, let asseblief op die volgende:
7.4. Alle werkers moet gesif word voordat hulle op die terrein toegelaat word;
- Sosiale afstand moet gehandhaaf word;
- Versoek waar moontlik dat die kontrakteur na-ure by die skool werk op voorwaarde dat iemand van die skool toesig hou en die werk monitor;
- Vra leerders om weg te bly van die gebied waar onderhoudswerk verrig word.

8. Inligting in die Wes-Kaap

8.1. WKR se Covid-19-blitslynnommer 021 928 4102.

D – WKOD Riglyn:

Sifting van Personeel en Leerders

Tak: Inrigtingsontwikkeling en -koördinering	D – WKOD Riglyn: Sifting van Personeel en Leerders	
D - WKOD Riglyn	Uitgereik: 15 Mei 2020	Hersiening soos en wanneer benodig word

Goedgekeur deur die Hoof van die Departement:

BK Schreuder
Datum: 2020-05-15

D – WKOD RIGLYN: SIFTING VAN PERSONEEL (ONDERRIG EN NIE-ONDERRIG), LEERDERS EN ENIGE PERSOON WAT DIE SKOOLTERREIN BETREE

1. Doel

1.1 Om riglyne te verskaf aan prinsipale en SBS'e oor hoe om die siftingsproses te beheer wanneer personeel, leerders en/of ander persone die skoolterrein betree. Die siftingsmaatreëls is nodig vir die beskerming van onderwysers en leerders en om die verspreiding van of ontsmetting deur die COVID-19-virus te verhoed.

1.2 Die provinsiale Departement van Gesondheid het aangedui dat sifting 'n eenvoudige proses is wat nie gesondheidsamptenare of gespesialiseerde opleiding verg nie. Dit behels 'n getal vrae wat gevra moet word en tempertuursifting (indien termometers beskikbaar is). Die Departement van Gesondheid het voorts aangedui dat hulle nie die vermoë het om sifting by skole te behartig nie. Daarom moet skole beplan dat personeel die sifting doen en 'n rooster daarvoor opstel.

2. Beheer oor ingange

2.1. Die getal ingange moet beperk word, afhangende van die beskikbaarheid van sifters.

2.2. Wys plekke aan waar sifting kan plaasvind. Onderwysers moet help sodat daar behoorlike beheer is.

2.3. Prinsipale moet toesien dat sifters die nodige oriëntering kry.

2.4. Sifters moet 'n masker dra en hulle hande gereeld ontsmet.

2.5. Niemand moet op die skoolterrein toegelaat word sonder 'n masker nie. Maskers sal deur die WKOD voorsien word – twee per onderwyser en leerder.

2.6. Skole kan dit oorweeg om die begintye te versprei sodat daar minder opeenhoping soggens is.

2.7. As leerders toue staan om vir toelating tot die skool gesif te word, moet sosiale afstand toegepas word.

2.8. Die WKOD sal skole voorsien van digitale termometerskandeerders, wat gebruik moet word om die liggaamstemperatuur van leerders wat binnekom te meet.

2.9. 'n Toepassing is ontwikkel wat met hierdie proses kan help.

2.10. Enigeen wat weier om gesif te word, mag nie op die skoolterrein toegelaat word nie.

3. Prosessuele aspekte

3.1. Die volgende moet by die geïdentifiseerde ingangspunte na die skool plaasvind:

3.1.1. Siftingspersoneel moet betyds aanmeld vir die siftingsproses.

3.1.2. Maak seker dat alle siftingsmiddels gereed is en goed werk.

3.1.3. Leerders/onderwysers moet gevra word om tou te staan om gesif te word, met inagneming van die 1,5 m sosiale afstandsvereistes.

3.1.4. Afmerkings op die grond/vloer kan gebruik word om met sosiale afstand te help.
3.1.5. Maak seker dat mense maskers dra. Niemand mag op die terrein toegelaat word sonder 'n masker nie.
3.1.6. Elke leerder se koors moet gemeet en aangeteken word.
3.1.7. Die persoon moet dan vyf vrae beantwoord (die templaat met die vrae sal aan die skool gegee word vir duplikasie). Die templaat sal die volgende vrae bevat:

Nr.	Vraag	Ja	Nee
1	Hoes jy?		
2	Het jy koors?		
3	Is jy kortasem?		
4	Is jou keel seer?		
5	Was jy die afgelope 14 dae in direkte aanraking met iemand wat alombekend die koronavirus (COVID-19) opgedoen het?		

3.1.8. As hierdie vrae aandui dat 'n persoon 'n gevaar inhou of as die skandeerder se lesing bo 38 ˚C is, moet daardie persoon versoek word om die COVID-19-blitslynnommer (Wes-Kaapse Regering 021 928 4102 of Nasionale Instituut vir Oordraagbare Siektes 0800 029 999) te raadpleeg.
3.1.9. Ná hierdie proses moet die persoon na die volgende punt aanbeweeg waar hy/sy hulle hande moet was of handreiniger gebruik voordat na die administrasiegebou of klaskamers voortbeweeg word.
3.1.10. Die inligting van alle onderwysers en leerders wat gesif is, moet aangeteken word. Die daaglikse aantekening van sifting is 'n vereiste en dit moet nagekom word.
3.1.11. Die skool moet die siekeboeg of enige ander kamer voorberei om onderwysers/leerders wat nie die siftingstoets geslaag het nie tydelik in te perk. Onderwysers moet versoek word om hulleself vir 14 dae af te sonder en die nodige voorsorgmaatreëls te tref om die voortgesette verspreiding van die virus te verhoed. Daar moet met 'n leerder se ouers in aanraking gekom word sodat hulle die leerder kan kom haal en versorg. Sodanige leerders moet vir 14 dae in afsondering bly en, indien nodig, 'n mediese praktisyn raadpleeg of die blitslynnommers skakel.
3.1.12. As die WKOD-toepassing by jou skool beskikbaar is, sal die data direk op die toepassing vasgelê word.
3.1.13. 'n WKOD-templaat (Dokument D1) met die siftingsvrae wat deur die persoon wat gesif word gedurende sifting ingevul moet word, word hieronder voorsien, indien die toepassing nie beskikbaar is nie. Dit kan by klaslyste aangepas word en dieselfde vrae kan gevra word.

D1: Siftingstemplaat

Leerder/onderwyser/ander persone se naam	Graad/Klas	Datum

Temperatuurlesing: ……

Nr.	Vraag	Ja	Nee
1	Hoes jy?		
2	Het jy koors?		
3	Is jy kortasem?		
4	Is jou keel seer?		
5	Was jy die afgelope 14 dae in direkte aanraking met iemand wat alombekend die koronavirus (COVID-19) opgedoen het?		

Handtekening van sifter: ……

E – WKOD Riglyn:
Die skoonmaak van skole en handhawing van higiëne

Tak: Inrigtingsontwikkeling en -koördinering	E - WKOD Riglyn: Die skoonmaak van skole en handhawing van higiëne	
E - WKOD Riglyn	Uitgereik: 15 Mei 2020	Hersiening soos en wanneer benodig word

Goedgekeur deur die Hoof van die Departement:

BK Schreuder
Datum: 2020-05-15

E - WKOD RIGLYN: DIE SKOONMAAK VAN SKOLE EN DIE HANDHAWING VAN HIGIËNE

1. Doel:

1.1. Skoolgeboue het nou al vir bykans ses weke leeggestaan. As gevolg van die kort lewensduur van die koronavirus, is skoolgeboue veilig en derhalwe hoef hulle nie diep gereinig te word nie. In plaas daarvan moet skole deeglik met ontsmettingsmiddels skoongemaak word. Die volgende riglyne kan gevolg word as skoolgeboue skoongemaak en higiëne gehandhaaf word.

2. Beginsels van besmettingsvoorkoming en beheer:

2.1. 'n Veilige omgewing kan verkry word deur die eliminering van besmette deeltjies in die lug en op oppervlaktes deur altyd aan die vyf goue reëls te voldoen:

2.2. Die volgende vyf goue reëls verhoed die verspreiding van die koronavirus:

2.2.1. Sonder jou fisiek van ander mense af:
- Deur waar moontlik by die huis te werk.
- Deur tuis te bly as jy siek voel.

2.2.2. Behou fisieke afstand as jy by ander mense is:
- Bly ten minste 1,5 meter (2 armlengtes) van ander mense af weg as jy saam met hulle moet werk of hulle bedien.
- MOENIE hand skud, of omhels, of vuiste stamp of elmboë stamp nie. Hou jou afstand.

2.2.3. Was hande/ontsmetting:
- Was gereeld hande met seep en water vir 20 sekondes lank.
- Of was jou hande met 'n alkoholgebaseerde handreiniger.
- Was jou hande nadat jy aan mense, oppervlaktes en voorwerpe geraak het.

2.2.4. Beoefen goeie higiënemaatreëls:
- Hoes of nies in die waai van jou elmboog of 'n sneesdoekie en sit dan die sneesdoekie in 'n drommetjie en was dadelik jou hande.
- Moenie met ongewaste hande aan jou gesig raak nie.

2.2.5. Dra lapgesigmaskers:
- Dra 'n lapgesigmasker om jou neus en mond te bedek.
- Moenie aan die masker raak nadat jy dit opgesit het nie.
- Los die masker altyd aan tensy jy moet eet en drink. As jy wil eet/drink, haal dit versigtig by die toutjies af en plaas dit in 'n skoon papier- of plastieksak.
- Was jou hande gereeld met seep en water vir ten minste 20 sekondes. As daar nie seep en water is nie, gebruik 'n alkoholgebaseerde handontsmetter.

3. Daaglikse pligte van skoonmakers:

3.1. Daaglikse pligte van skoonmakers sluit die volgende in:

3.1.1. Maak alle oppervlaktes deeglik met ontsmettingsmiddelskoonmaakmiddels skoon (bv. vloere, badkamers, lessenaars) (beveel natrium hipochloriet aan, 0,5% (biosied-sakkies) of bleikmiddel, mengsel van 250 ml bleikmiddel gemeng met 5-liter water).

3.1.2. Oppervlaktes waaraan gereeld geraak word soos krane, deurknoppe van klaskamers en toilette, hekhandvatsels, slotte en toilethandvatsels. Ander oppervlaktes waaraan gereeld gevat word, is in personeelkamers. Goedere soos mikrogolwe, ketels, yskaste en fotostaatmasjiene moet gereeld met 20 ml bleikmiddel per liter water skoongemaak word.

3.1.3. Versamel al die sakkies met moontlike besmette afval in drommetjies in klaskamers en kantore. Knoop die sakkies toe en sit dit na behore in groot vuilgoedsakke. Knoop die vuilgoedsakke weer toe.

3.1.4. Dra altyd beskermende klere soos hieronder bespreek.

4. Persoonlike beskermingstoerusting vir skoonmaak:

4.1. Alle skoonmakers moet voldoen aan die vyf goue reels soos hierbo bespreek is. Skoonmakers moet ook toesien dat:

- Gesigmaskers altyd gedra word.
- Hulle hulle hande gereeld was en ontsmet, of handskoene dra (wat deeglik skoongemaak moet word of weggegooi word).
- Hulle toe skoene dra.

4.2. Daarbenewens word dit aanbeveel dat skoonmakers toegang moet hê tot:

- Swaardienshandskoene
- Gesigmaskers
- Toe skoene.

4.3. Die regte gebruik, noodsaaklike higiënepraktyke en behoorlike verwydering van persoonlike beskermingstoerusting is belangrik sodat kruisbesmetting vanaf die persoonlike beskermingstoerusting na die gebruiker se hande of klere vermy kan word. Skoonmakers moet handhigiëne beoefen deur die regte tegniek te gebruik vóórdat beskermingstoerusting aangetrek word om skoon te maak, en nádat dit uitgetrek is, wanneer handskoene verwissel word of ná enige aanraking met afvalmateriaal.

4.4. Die prosedure wat gevolg moet word:

- Was die handskoene met 'n ontsmettingsmiddel en droog dit met 'n papierhanddoekie af. Sit die papierhanddoekie in 'n drommetjie.
- Verwyder die handskoene en sit dit op 'n ontsmette oppervlakte neer.
- Was jou hande met seep en water.
- Gesigmaskers moet elke dag gewas en gestryk word.

5. Skoonmaak van kantore en klaskamers:

5.1. Oppervlaktes (tafels, kaste),veral daardie plekke waaraan dikwels geraak word, moet met verdunde bleikmiddelontsmettingsmiddels skoongemaak word (20 ml bleikmiddel per liter water).
5.2. Alle lessenaars van leerders moet skoongemaak word met 'n verdunde bleikmiddelontsmettingsmiddel (20 ml bleikmiddel per liter water).
5.3. 'n Lap kan gebruik word om hierdie oppervlaktes met die ontsmettingsmiddel skoon te vee.
5.4. Skoonmaakpersoneel moet beskermende handskoene dra as hulle daarmee besig is.
5.5. Die klaskamer se deurhandvatsel(s) moet skoongemaak word voordat die onderwyser of vakklasleerders of registerklasleerders die kamer kan binnekom.
5.6. Vloeroppervlaktes kan gemop word met verdunde bleikmiddelontsmettingsmiddels nadat dit gevee is.

6. Handhaaf 'n skoon en veilige omgewing in die kantoor/klaskamer:

6.1. Oppervlaktes waaraan dikwels geraak word, bv. die deurknoppe, moet gereeld skoongemaak word met 'n mengsel van 20 ml bleikmiddel per liter water, of ontsmettingsafveedoekies/vloeistof.
6.2. Leerders en/of onderwysers moenie gereedskap soos penne, uitveërs, boeke, liniale, potlode, ens. met mekaar deel nie of dit in hulle monde sit nie.
6.3. Daar moet goeie ventilasie in klaskamers wees. Daar moet altyd voldoen word aan die etiket van hoes (in die waai van 'n elmboog) en nies (in 'n sneesdoekie).
6.4. Sosiale afstand moet gehandhaaf word.
6.5. Klaskamers moet ten minste twee keer per dag met 'n ontsmettingsmiddel skoongemaak word.
6.6. Lessenaars/stoele moet deur gebruikers daarvan/skoonmakers aan die einde van die dag skoongemaak word, nadat die klaskamer ontruim is of voordat dit die volgende oggend gebruik word.

7. Die items wat hieronder gelys word, moet in elke klaskamer/kantoor/koshuiskamer/kombuis/skoolsaal/forum beskikbaar wees:

7.1. 'n Handreiniger wat ten minste 60% alkoholgebaseer is.
7.2. 'n Vuilgoeddrommetjie met deksel wat met 'n dromvoering (of swart vuilgoedsak) uitgevoer is waarin alle sneesdoekies, paperhanddoekies en moontlike besmette afval weggegooi moet word.
7.3. Papierhanddoekies, sneesdoekies of toiletpapier om hande mee af te droog of oppervlaktes mee af te vee. Gebruikte papierhanddoekies moet veilig in die vullisdrommetjie, wat 'n deksel moet hê, weggegooi word.

8. Skoonmaak van toilette:

8.1. Toilette se deurhandvatsels, ens. moet elke uur skoongemaak word met verdunde bleikmiddelontsmettingsmiddels (20 ml bleikmiddel per liter water), of ten minste voor en na pouses en nadat die leerders vir die dag ontslaan is.
8.2. Toegang tot toilette moet deur die skool gereguleer word om toe te sien dat daar nie te veel leerders gelyktydig in die toilette is nie. Hou verspreide pouses in gedagte.

9. Handhaaf skoon en veilige toilette/badkamers:

9.1. 'n Draagbare handwasplek, seep (vloeiseep) vir hande was of handreiniger moet in alle toiletgeriewe wees om hande na gebruik van die toiletgeriewe te was.
9.2. Ontsmettingsmiddelskoonmaker (beveel natrium hipochloriet, 0,5% (biosiedsakkies aan) of 'n bleikmiddelmengsel van 250 ml bleikmiddel vir 5-liter water) moet vir daaglikse skoonmaak van oppervlaktes gebruik word.
9.3. Oppervlaktes waaraan daar gereeld geraak word, bv. krane, deurknoppe en handvatsels moet elke uur afgevee word, of waar van toepassing, met 20 ml bleikmiddel per liter water of ontsmettingsafveedoekies/vloeistof.

10. Risikoverminderingsmetodes vir skole:

10.1. Nadat die skool skoongemaak is, is dit belangrik om 'n veilige omgewing in stand te hou. Dit is die verantwoordelikheid van almal wat die skool gebruik (onderwysers, nie-onderrigpersoneel en leerders). Volg sekere risikoverminderingsmetodes wat deur almal beoefen moet word:
10.2. Elke persoon (ouer, onderwyser, leerder of besoeker) wat by die skool ingaan of uitgaan, moet hulle hande by die ingang/hek was of ontsmet by handhigiëneplekke wat toegerus is met vloeiseep en lopende water of water wat op die hande gespuit kan word (of ontsmet met 'n handreiniger met 'n 60%/70% alkoholbasis).
10.3. Ouers en besoekers behoort nie tans op die skoolterrein so ver moontlik toegelaat te word nie.
10.4. Neem elke persoon (ouer, onderwyser of besoeker) wat die skool binnegaan se koors met 'n digitale termometerskandeerder:
10.5. 'n Lesing van 38 °C en hoër dui op moontlike koors.
10.6. Besoekers en personeel wat koors het, word nie op die skoolterrein toegelaat nie.
10.7. Leerders met koors moet weggehou word van ander mense totdat hulle kan teruggaan huis toe. Daar moet sonder enige onnodige vertraging met ouers/versorgers in verbinding getree word. Dit word sterk aanbeveel dat ouers in hierdie omstandighede versoek word om hulle kinders te kom haal en die kind/voog dokter of kliniek toe te neem.

11. Die prinsipaal of sy/haar afgevaardigde is verantwoordelik vir die installering, toesig en gereelde aanvulling van die voorraad/toerusting.

11.1. Prinsipale moet toesien dat:
11.2. Die aanvanklike higiënepakket wat deur die WKOD vir alle skole bestel is, ontvang word. Teken die ontvangs daarvan af en hou 'n afskrif wat later na die departement gestuur moet word.
11.3. Voorraad aangevul word om te verhoed dat daar 'n situasie ontstaan waar daar geen noodsaaklike ontsmetting en higiënemiddels beskikbaar is nie.
11.4. Opleiding oor handhigiëne verfris word en leerders daaraan herinner word.
11.5. Ouers ingelig is oor die belangrikheid van handhigiëne en sosiale afstand om die verspreiding van die COVID-19-virus te verhoed.

12. Handhigiëneprosedures:

12.1. Gereelde handhigiëne moet deel wees van alledaagse roetine in skole.
12.2. Elke persoon wat 'n klaskamer ingaan, moet hulle hande met seep (vloeiseep) en water (wat skoon is en nie voorheen gebruik is nie, d.w.s. geen grys water nie) was, of hulle hande ontsmet (met 'n reiniger wat ten minste 'n 60% alkoholbasis het) en weer wanneer hulle die klaskamer verlaat.

13. Voorspraakmateriaal oor die was van hande moet beskikbaar gestel word. Inligting behoort ook die volgende in te sluit:

13.1. Moenie aan jou oë, neus en mond raak nie.
13.2. Dra altyd 'n masker, veral as jy met ander mense praat.
13.3. Volg goeie respiratoriese higiëne: bedek jou mond en neus met die waai van jou elmboog of gebruik 'n sneesdoekie as jy hoes of nies, en gooi daarna die gebruikte sneesdoekie in 'n drommetjie met 'n deksel daarop.
13.4. Handhaaf ten minste 'n afstand van 1,5 m met ander mense, d.w.s., daar moet geen fisieke kontak wees tussen jou en enige ander persoon gedurende skoolure, en/of voor skool, en/of na skool, en/of op pad skool toe van jou huis af, of van die skool af huis toe, of na enige ander bestemming nie.
13.5. Moenie in iemand se gesig praat as jy nie 'n masker dra wat jou mond bedek nie.

FIGHT GERMS BY WASHING YOUR HANDS!
1 Wet your hands
2 Soap
3 Lather and scrub - 20 sec
4 Rinse - 10 sec
5 Turn off tap
6 Dry your hands
DONT FORGET TO WASH:
- between your fingers
- under your nails
- the tops of your hands